

GRAIN SA
GRAAN SA

# Die Graan- en Oliesadebedryf van Suid-Afrika

# 'N REIS DEUR TYD

## HOOFSTUK 7

# 7 Aanbreek van 'n era van VOEDSELSEKERHEID

Voedselsekerheid is 'n item wat klaarblyklik nie werklik hoog op die ANC-regering na 1994 se agenda was nie, met aanduidings dat voedsel wat nie in Suid-Afrika geproduseer kan word nie, eenvoudig ingevoer kan word.

In 2007/2008 het 'n voedselkrisis egter in die wêreld ontstaan weens dramatiese stygings en onstabiliteit in voedselpryse. Voedselpryse het oor 'n tydperk van ongeveer twee jaar verdubbel en selfs verdriedubbel. Tussen 2006 en 2008 het die wêreldprys van koring en mielies met, onderskeidelik, 136% en 125% gestyg.

Die aanvanklike oorsake van die prysstygings was, onder andere, die droogtes wat in baie graanproduserende lande geheers het en aansienlike stygings in ru-oliepryse. Laasgenoemde het naamlik aanleiding gegee tot 'n algemene styging in die koste van kunsmis, vervoerkoste en intensiewe graanproduksie. Die verhoogde vraag na landbougewasse vir 'n groeiende biobrandstofbedryf en spekulasie deur verskansingsfondse het waarskynlik ook 'n rol daarin gespeel.

Die voedselkrisis het veral in Afrika en dele van Asië tot onluste en opstande gelei – ook in Suid-Afrika. Die grootste oproer was egter in Tunisië, Algerië, Burkina Faso, Kameroen, Senegal, Mauritanië, Ivoorkus, Egipte en Marokko. In sommige van die lande het dit ernstige gevolge gehad en uiteindelik tot die omverwerping van regerings gelei. Beleidmakers het deeglik daarvan kennis geneem en in Suid-Afrika het die besef posgevat dat gepoog moet word om 'n realistiese balans tussen grondhervorming en voedselsekerheid te vind.

In Junie 2008 het die Verenigde Nasies se *Food and Agricultural Organisation* 'n hoëvlak-konferensie in Rome gehou waar die voedselpryskrisis bespreek is. Mnr Jannie de Villiers van Graan SA het dit saam met die destydse Minister van Landbou, me Lulu Xingwana, bygewoon. Te midde van 'n groot aantal voorleggings was daar redelike eenstemmigheid dat groter beleggings in landbou en verhoogde produktiwiteit wêreldwyd noodsaaklik was vir voedselsekerheid.

Die belangrikheid van landbou en veral voedselsekerheid in globale konteks het skielik nuwe aansien gekry. Daar is opnuut besef dat gesamentlike optrede noodsaaklik was en dat aspekte soos verhoogde investering in landbounavorsing en -ontwikkeling en infrastruktuur, sowel as die aanpassing en ontwikkeling van ondersteunende beleide, daadwerklik aangespreek moes word.

In Suid-Afrika het dit tot op daardie stadium gebeur dat produsente ontmoedig was om graangewasse te plant in tye wanneer die pryse daarvan laag was. Op daardie wyse word 'n tekort geskep wat uiteindelik weer tot hoër pryse sou lei. Voorbeelde van sulke gevalle is vroeër in hierdie publikasie genoem.


Na aanleiding van die voedselkrisis en die konferensie in Rome is opnuut besef hoe 'n groot verantwoordelikheid op die landbousektor rus om voldoende voedsel te produseer. Produsente is aangemoedig om graan te produseer met die uitgangspunt dat daar eerder nuwe markte vir oorskotproduksie gevind moet word as om produksie in te kort.

In die ontwikkeling van sy biobrandstofbeleid het die Suid-Afrikaanse Regering besluit dat mielies op grond van voedselsekerheidsoorweging nie vir die vervaardiging van biobrandstof gebruik mag word nie. Die Regering was van mening dat die styging in internasionale mieliepryse in 2007/2008 tot 'n groot mate toegeskryf kon



**'n Spotprent uit *SA Graan/Grain*-tydskrif van Maart 2006 beeld die graanbedryf se opwinding oor die vooruitsigte van 'n biobrandstofbedryf uit. >>>**


WESSEL DEYSEL '06
ETANOL
ETANOL
ETANOL
ETANOL
BETER BRANDSTOF SKONER LUG
BOTHAVILLE
etanol
MIELIE HOOFSTAD VAN SUID-AFRIKA
EK WONDER OF HIERDIE MIELIEJUICE OOK DRINKBAAR IS?




**Die droogte wat gedurende 2015/2016 in die somersaaigebiede voorgekom het, was nie die enigste dreigende slaggat wat druk geplaas het op Suid-Afrika se voedselsekerheid nie. Hernude uitsprake deur die regering oor drastiese grondhervorming; die impak van beurtkrag én groeiende mynbouaktiwiteite op bewerkbare landbougrond, was kort op die hakke daarvan.**

word aan die feit dat die VSA, wat 50% van die wêreld se mielies produseer, 25% van sy oes na die vervaardiging van etanol gekanaliseer het. 'n Tekort aan basiese voedselsoorte in Mexiko is ook direk aan hul investering in biobrandstof toegeskryf.

In die beleidsdokument vir biobrandstof in Suid-Afrika, word voorsien dat mielies eers vir die vervaardiging van etanol goedgekeur sal word wanneer meer sekerheid verkry is oor die moontlikheid om mielies op onderbenutte grond te produseer en ander vereistes nagekom is.

In 2016 het een van die ergste droogtes in meer as 100 jaar, indien nie die ergste nie, Suid-Afrika getref. Die volledige gevolge en uitwerking daarvan op die beskikbaarheid en koste van voedsel, werksekerheid, finansiële oorlewing van boere, ensovoorts sal eers met verloop van tyd duidelik word. Wat ook al daardie gevolge, dit het opnuut die kollig geplaas op die noodsaaklikheid daarvan om seker te maak dat 'n goeie balans gehandhaaf moet word tussen grondhervorming, transformasie en die realiteit dat 'n land soos Suid-Afrika, met sy beperkte hulpbronne en wisselvallige reënval, baie nugter moet wees in sy beplanning om seker te maak dat sy groeiende bevolking altyd van basiese stapelvoedsel voorsien kan word.

Graan SA maak deur sy betrokkenheid en inisiatiewe wat hierbo genoem is, sowel as ander waardevolle insette wat te veel is om hierin te bespreek, toenemend 'n belangrike bydrae om die volhoubaarheid van landbouproduksie in Suid-Afrika te bevorder. Meer besonderhede oor al die aksies en inisiatiewe word deurlopend in verslae en artikels op die webblad *www.grainsa.co.za* gepubliseer.

## BUITELANDSE MARKTE VIR GRAAN

Voor 1997 is die bemarking van graan in Suid-Afrika deur die Bemarkingsrade in terme van die Bemarkingswet beheer. Uitvoer van graan was in daardie tyd hoofsaaklik tot die SADC-lande en enkele ander beperk. Daar was nie enige doelgerigte uitvoerplan vir Suid-Afrikaanse graan nie en uitvoere het hoofsaaklik op 'n *ad hoc*-basis plaasgevind.

Graan SA het besluit om die leemte aan te spreek en het doelgerig begin met die ontwikkeling van 'n strategiese uitvoerplan vir plaaslik-geproduseerde grane. Dit sluit aan by Graan SA se benadering dat produksie uitgebrei moet word, eerder as om die aanbod te beperk. Die identifisering van potensiële buitelandse markte en ontwikkeling van volhoubare uitvoermarkte vir graan het inderdaad een van Graan SA se kernfokusareas geword.



**Klankgreep: 'n Globale voedselkrisis in 2007/2008 het die aandag op voedselsekerheid begin vestig – mnr Jannie de Villiers.**





Mnr Louw Steytler

> "GRAAN SA, AGRI SA, PROVINSIALE UNIES EN ANDER BEDRYFSORGANISASIES KAN MET REG DIE VOEDSELSEKERHEID WAT ALLE SUID-AFRIKANERS GENIET, AS EEN VAN HUL GESAMENTLIKE SUKSESSE TOE-EIEN. DIE GOEDKOOPSTE, GEHALTE VOEDSEL TER WÊRELD WAT PLAASLIK GEPRODUSEER WORD, WORD ALLEENLIK BEWERKSTELLIG DEUR SAMEWERKING DEUR DIE TOTALE VOEDSELWAARDEKETTING EN KRY NOU EERS DIE BREË ERKENNING VANWEË DIE REALITEIT VAN DIE HUIDIGE RAMPSITUASIE WAARIN SUIDELIKE AFRIKA HOM BEVIND."
>
> *– Mnr Louw Steytler Voorsittersboodskap, Graan SA Jaarverslag 2015*

Die langtermynbeplanning word op die strategiese uitvoerplan gebaseer en in die proses word 'n onderskeid tussen sogenaamde protokolmarkte en permitmarkte gemaak.

Protokolmarkte verwys na lande waarmee formele ooreenkomste gesluit en prosesse in plek geplaas is om te verseker dat bepaalde gesondheids- en kwaliteitsvereistes nagekom word. Hierdie markte en ooreenkomste skep langtermynverbintenisse en word op die hoogste politieke vlak goedgekeur. Die protokolmarkte bied 'n groot voordeel in terme van sekerheid en vergemaklik behoorlike langtermynbeplanning.


Permitmarkte verwys na markte waarmee ooreenkomste meer op 'n *ad hoc*-basis gesluit word, soos wat geleenthede van seisoen tot seisoen mag ontstaan. Baie van die uitvoere van landbouprodukte na Afrikalande geskied op grond van permitooreenkomste, omdat daardie lande self ook graan produseer en hul vraag na ingevoerde produkte gereeld beïnvloed word deur die grootte van hul eie oeste.

Studies en ontledings van langtermynscenario's toon dat Afrikalande al hoe meer besig is om selfonderhoudend te raak ten opsigte van graan. Namate dit toeneem, sal invoere vanuit Suid-Afrika uit die aard van die saak afneem. Suid-Afrika sal dus toenemend nuwe markte moet ontwikkel ten einde van surplusproduksie ontslae te kan raak.

Gedurende die 2010/2011-finansiële jaar was Graan SA betrokke by die uitvoer van mielies na Mexiko, Taiwan en Korea. Dieselfde markte is in die volgende jaar bedien en het in daardie jaar saam met Japan Suid-Afrika se grootste uitvoere opgeneem. Graan SA se personeel spandeer baie tyd en aandag aan skakeling met die buitelandse markte se verteenwoordigers en bring van tyd tot tyd besoeke aan ambassades sowel as rolspelers in die lande waarheen uitgevoer word.

Asië en die Midde-Ooste bied goeie geleenthede vir die ontwikkeling van uitvoermarkte op 'n langtermynbasis – met ander woorde protokolmarkte. Gedurende Desember 2014 het Graan SA 'n besoek aan die Midde-Ooste gebring en gesprekke met die oog op bemarking van Suid-Afrikaanse graan in Iran en Saoedi-Arabië gevoer.

Die geweldige vraag van die Chinese markte maak dit 'n gesogte teikenmark wêreldwyd en Graan SA het belangrike insette gelewer in onderhandelings met die Chinese regering om landbouprodukte daarheen te kan uitvoer. Reeds gedurende




**Grafiek 1: Suid-Afrika se totale mielie-uitvoere gedurende 2013/2014.**



Hector Valezzi (ambassadeur van Mexiko) het sy toekenning van Neels Ferreira (voormalige Voorsitter van Graan SA), regs, in ontvangs geneem.



Neels Ferreira het Michael (Pei-Yung) Hsu (ambassadeur van die Republiek van China [Taiwan]) vir die mielies wat die land ingevoer het, bedank.



Graan SA het ook die landboubesighede wat die meeste graan uitgevoer het, vereer. Andrew Martalas, Voorsitter van die South African Cereals and Oilseeds Trade Association (SACOTA), het die toekenning namens die vereniging se bestuur en hul lede in ontvangs geneem. Saam met hom was Neels Ferreira.

**INTERNASIONALE MARKTOEGANG EN UITVOERE WAS GEDURENDE 2012 HOOG BOAAN GRAAN SA SE AGENDA EN HIERDIE DRYF HET UITEINDELIK VRUGTE AFGEWERP. GEDURENDE DIE 2012-BEMARKINGSJAAR, WAT VANAF 1 APRIL 2011 TOT 31 MEI 2012, GESTREK HET, HET KOREA 45 234 TON WITMIELIES EN 302 259 TON GEELMIELIES VANAF SUID-AFRIKA INGEVOER; TAIWAN 161 550 TON GEELMIELIES EN MEXIKO 1 091 501 TON WITMIELIES.**

**AS 'N BLYK VAN WAARDERING AAN DIE LANDE WAT SUID-AFRIKAANSE GRAAN AANGEKOOP HET, HET GRAAN SA TYDENS KONGRES 2012 AAN DIE AMBASSADEURS VAN MEXIKO, DIE REPUBLIEK VAN CHINA (TAIWAN) EN SUID-KOREA (IN HUL AFWESIGHEID) ELKEEN 'N TOEKENNING OORHANDIG.**

2011 het die destydse Voorsitter van Graan SA, mnr Neels Ferreira, saam met die Minister van Landbou, me Tina Joemat-Pettersson, gesprekke met die Chinese regering daaroor gevoer. Dit het uiteindelik vrugte afgewerp met die ondertekening van 'n fitosanitêre protokol in Desember 2014 deur die Suid-Afrikaanse en Chinese regerings vir die uitvoer van mielies na China, wat dit vir die plaaslike bedryf moontlik maak om surplus mielies daarheen uit te voer.

Graan SA was ook betrokke by die vestiging van 'n protokolooreenkoms met Venezuela, in oorleg met die betrokke staatsdepartemente.

Die hoë kwaliteit van Suid-Afrikaanse graan speel 'n belangrike rol in die sukses wat met die ontwikkeling van buitelandse markte behaal word. Deel van Graan SA se strategie oor uitvoere is juis om die kwaliteitsnorme van Suid-Afrikaanse graan te beklemtoon en seker te maak dat goeie kwaliteit produkte ten alle tye uitgevoer word, ten einde die vestiging van langtermynverhoudings te ondersteun.

Graan SA is ten nouste betrokke wanneer enige aanpassing in graderingsregulasies of aspekte rakende voedselveiligheid met die oog op uitvoere ter sprake kom. In hierdie verband word goeie samewerking van die Departement van Landbou verkry, wat Graan SA in staat stel om ook op hierdie terrein na die belange van produsente om te sien.

Ten einde die uitvoermarkte vir mielies verder te ontgin, word moontlikhede vir waardetoevoeging tot mielies in samewerking met die Departement van Handel en Nywerheid ondersoek. Dit blyk dat daar inderdaad 'n uitvoermark vir produkte soos mielieblom bestaan. Daar het byvoorbeeld aan die lig gekom dat Suid-Korea Suid-Afrikaanse mielies aankoop wat hulle dan in mielieblom verwerk en aan Maleisië verkoop. Die bedoeling is om die waardetoevoeging plaaslik te doen en dan die verwerkte produk uit te voer.

Graan SA vervul in hierdie proses slegs 'n fasiliteringsrol en meen dat die produsente en uitvoerders self die inisiatief moet neem om die geleenthede te benut en tot praktiese uitvoering moet bring. Nuwe konsepte word na die mieliespesialiswerkgroep verwys wat dit dan verder voer.

Graan SA ondersoek ook moontlike markte vir ander graansoorte, want hoewel hulle nie sulke groot volumes soos mielies oplewer nie, word daar ook van tyd tot tyd oorskotte geproduseer waarvoor ander markte gevind moet word. Hoewel die hoeveelheid koring wat in Suid-Afrika geproduseer word, hoegenaamd nie in 'n land soos China se behoeftes kan voorsien nie, bied die goeie kwaliteit daarvan die geleentheid om nismarkte te ontwikkel waar goeie premies verdien kan word.

Die fokus met Graan SA se uitvoerbeleid is tweeledig: Eerstens, om produksie oor die lang termyn volhoubaar te kry en, tweedens, om buitelandse markte vir



**Gedurende 2011 het Graan SA gasheer gespeel vir twee Chinese regeringsverteenwoordigers wat Suid-Afrika besoek het met die oog op die moontlike goedkeuring deur die Chinese regering om Suid-Afrikaanse mielies te mag invoer. Die besoek was 'n indirekte uitvloeisel uit die amptelike besoek wat die Minister van Landbou, me Tina Joemat-Pettersson en mnr Neels Ferreira, Voorsitter van Graan SA, aan China gebring het om onder andere Suid-Afrikaanse mielies te bevorder.**



**Klankgreep: Dr Marinda Visser vertel van 'n onlangse handelsending vanaf China.**

oorskotproduksie te vestig – veral ten opsigte van mielies. Die groot markte vir mielie-uitvoere is Japan (vir geelmielies) en Mexiko en Venezuela (vir witmielies).

## VOORSIENING VAN SAAD

Dit spreek vanself dat die beskikbaarheid van goeie kwaliteit saad van kardinale belang vir volhoubare graanproduksie en dus ook voedselsekerheid is. Dit gaan saam met die behoefte dat die nuutste tegnologie ook in Suid-Afrika beskikbaar moet wees ten einde die plaaslike produsente se mededingendheid te kan behou.

Die Wet op Planttelersregte (Wet 15 van 1976) beskerm die regte van die houers van planttelersregte deur, onder andere, te bepaal dat niemand voorraad van geoeste materiaal mag terughou met die oog daarop om dit as saad te gebruik nie.

In die geval van koring en sojabone egter, is dit toelaatbaar vir produsente om koringsaad uit geoeste materiaal terug te hou om as saad te gebruik. Die probleem daarmee is dat saadmaatskappye huiwerig is om in saadontwikkeling en nuwe tegnologie te belê, omdat sekere produsente net in die eerste jaar saad by hulle aankoop en daarna moontlik hulle eie saad kan terughou. In die geval van sojabone, byvoorbeeld, het Monsanto 'n nuwe sojaboonkultivar in Australië ontwikkel wat hulle vir die voormelde redes nie bereid is om na Suid-Afrika te bring nie.

Ten einde die probleem op te los, het Graan SA 'n aanbeveling gemaak waarvolgens produsente wat saad wil terughou, tantieme aan die houer van die planttelersreg betaal vir die saad wat so teruggehou word. Graan SA het dit reeds met die Landboubemarkingsraad getoets wat die aanbeveling ondersteun, omdat dit ook 'n oplossing by ander gewasse, benewens koring en sojabone, kan bied.

In die sojaboonbedryf het olieverwerkers aansienlike beleggings in hul perskapasiteit gemaak, wat 'n geleentheid vir uitbreiding van sojaboonproduksie geskep het. In Suid-Afrika bestaan 'n groot behoefte aan proteïne vir veevoer, en kan verhoogde plaaslike sojaproduksie duur invoere verplaas. Aan die navorsingskant is Graan SA saam met OPOT betrokke by toetse met sojaboonkultivars wat vir verbouing in die westelike dele van die graanproduserende gebied van Suid-Afrika geskik sal wees, sodat sojaboonproduksie ook na daardie dele uitgebrei kan word.

Een van die grootste areas van kommer ten opsigte van saadvoorsiening in Suid-Afrika is dat dit feitlik totaal in die hande van privaatondernemings is. Daardie

ondernemings besit die planttelersregte, tegnologie en fasiliteite wat vir saadproduksie nodig is. Graan SA het hierdie realiteit met die Departement van Landbou bespreek in die lig van die risiko's wat dit vir voedselsekerheid in die land inhou. Voortspruitend daaruit het die Departement van Landbou in samewerking met Graan SA 'n beleidsdokument, bekend as die Agricultural Policy Action Plan, opgestel wat aanbevelings van Graan SA ingesluit het.



Mnr Jannie de Villiers

## NAVORSING EN ONTWIKKELING

Graan SA is deurlopend met die regering in gesprek vir groter ondersteuning ten opsigte van navorsing en ontwikkeling van nuwe tegnologie. Befondsing is een van die grootste remskoene vir navorsing. Die graanbedryf is grootliks afhanklik van befondsing deur die Mielietrust, die Sorghumtrust, die Wintergraantrust en die OPOT, vir die befondsing van navorsingsprojekte. Graan SA is gevolglik aktief betrokke by gesprekke met die regering om addisionele fondse vir landbounavorsing beskikbaar te stel ten einde die eise van die tyd te kan aanspreek.

'n Groot probleem met navorsing ten opsigte van graan was dat produsente se behoeftes nie vinnig genoeg beslag in navorsingsaksies gekry het nie. Om dit aan te spreek, het Graan SA 'n navorsingstrategie vir elke kommoditeit opgestel wat die behoeftes, soos deur die werkgroepe geïdentifiseer, en die doelwitte aanspreek. Dit word dan na navorsingsinstansies wat in staat is om die navorsing uit te voer, verwys.

Die Landbounavorsingsraad (LNR), wat vir landbounavorsing in Suid-Afrika verantwoordelik is, beskik nie in alle gevalle oor die kapasiteit om al die navorsingsbehoeftes te kan bevredig nie. Graan SA het daarby betrokke geraak deur samewerkingsooreenkomste tussen die LNR en universiteite te fasiliteer ten einde die totale beskikbare navorsingskapasiteit te koördineer en meer effektief aan te wend.

## ONTWIKKELENDE LANDBOUPROGRAM

Die Ontwikkelende Landbouprogram, wat in Hoofstuk 8 behandel word, het, onder andere, ook ten doel om 'n bydrae tot voedselsekerheid te maak deur die ontwikkeling van nuwe graanprodusente. Graan SA besef hoe belangrik dit is om goeie verhoudings met die regering en veral die Departement van Landbou te handhaaf en hulle ingelig te hou van die aksies waarmee die organisasie besig is in belang van landbou in Suid-Afrika. Gevolglik word op gereelde basis met die Minister van Landbou en sy departement geskakel en word hulle blootgestel aan programme van Graan SA in 'n poging om beter begrip en samewerking, in belang van voedselsekerheid, te vestig.

> **"UIT GESPREKKE MET PRODUSENTE IS DIT WEER EENS DUIDELIK DAT DIT NOU MAAR EENMAAL 'N UNIEKE GROEP MENSE IS WAT IN 'N KORT TYDJIE MOEILIKE OMSTANDIGHEDE NA DIE DROOGTE OORKOM HET EN WEER IN DIE KOMENDE JAAR RISIKO SAL AANGAAN OM VOEDSELSEKERHEID IN DIE LAND TE HELP SKEP.**
>
> **EK HET 'N BEWONDERING VIR DIÉ KARAKTEREIENSKAP VAN GRAANPRODUSENTE EN HUL POSITIEWE EN VERSTOMMENDE DEURSETTINGSVERMOË OM VOORT TE GAAN MET BOERDERY."**
>
> ***– Mnr Jannie de Villiers***
> ***Na afloop van NAMPO 2015 in 'n persverklaring.***



